

# GEMEENTE.

# LES 24

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 2 TIMOTEUS 2 - 4
----------	---

**Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrywe Bybelgedeeltes geleer het (2 Timoteüs 2 - 4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> HERHAAL DIE BYBELVERSE IN DIE JOHANNES-EVANGELIE
----------	---

**Herhaal twee-twee:** die laaste 5 Bybelverse wat jy uit die Johannes Evangelie uit jou kop geleer het.

(6) Johannes 5:24. "Dit verseker Ek julle: wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan."

(7) Johannes 6:37. "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."

(8) Johannes 7:38. "Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."

(9) Johannes 8:12. "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."

(10) Johannes 10:28. "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."

<b>4</b>	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 10:1-42
----------	---

**Inleiding.** Johannes 10:1-39 beskryf **die allegorie** van die Goeie Herder. Jesus Christus maak voor die Fariseërs en sy dissipels aanspraak daarop dat Hy die Seun van God is.

<b>STAP 1. LEES.</b>	<b>GOD SE WOORD</b>
<b>Lees.</b> Ons gaan Johannes 10:1-42 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	<b>WAARNEMINGS</b>
<b>Oorweeg.</b> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <b>Skryf neer.</b> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <b>Deel.</b> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

10:26-29

Ontdekking 1. Sekerheid van verlossing.

(1) Sekerheid van verlossing is gebaseer op die belofte en gesag van Jesus Christus.

In Johannes 10:27-28 sê Jesus, "My skape luister na My stem; Ek ken hulle en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie." Jesus belowe drie absolute sekerhede aan sy volgelinge:

- Ware gelowiges het al die ewige lewe, d.w.s., die lewe wat kenmerkend word deur die komende eeu van die nuwe hemel en die nuwe aarde! En dié lewe duur vir ewig. Dit het geen einde nie!
- Ware gelowiges kan nie op só manier terugval dat hulle verlore gaan nie, d.w.s., hulle sal nooit verdoem word tot 'n ewigduurende skeiding van God se liefdevolle teenwoordigheid en sorg nie!

- Ware gelowiges kán nie uit die hand van Jesus Christus geroof word nie, d.w.s., niemand is sterk genoeg om hulle uit die magtige beskerming en sorg van Christus weg te ruk nie!

Maar wie is die ware gelowiges? Jesus sê dat Hy die ware gelowige ken; hulle gehoorsaam sy stem; en hulle volg Jesus Christus en geen ander godsdiens, filosofie, wêreldbeskouing of waardesisteem nie. Geen Christen hoef te twyfel of hy wel seker kan wees van sy verlossing nie. Maar ook kan niemand homself beskou as 'n skaap (d.i. volgeling) van Jesus Christus as hy nie na Christus luister en Hom gehoorsaam nie!

(2) Sekerheid van verlossing is gebaseer op die feit dat God die Vader hulle aan Jesus Christus gegee het.

In Johannes 10:26 sê Jesus vir die Jode wat nie in hom glo nie: “Julle glo nie, omdat julle nie van My skape is nie.” Dié vers bevat twee belangrike waarhede van die Bybel, naamlik, enersyds die leer van die goddelike uitverkiesing en andersyds die leer van die menslike verantwoordelikheid. Mense kan nie sommer hierdie twee leerstellings met mekaar rym nie, omdat hulle parallel loop in die Bybel.

Enersyds is elke mens self verantwoordelik of hy in Jesus Christus glo of nie. Die Jode is heeltemal verantwoordelik vir hulle sondes en ongeloof! Jesus het gesê: “Julle glo nie (Johannes 10:26)!” Dit is 'n verwysing na die persoonlike verantwoordelikheid! As ons die evangelie verkondig, moet ons ook die menslike verantwoordelikheid om hom te bekeer en te glo (Markus 1:15) baie duidelik verkondig.

Andersyds kies God die Vader wie Hy wel aan Jesus Christus wil gee, of wie nie. Jesus het letterlik gesê: “Die (d.w.s. die kudde skape) wat My Vader My gegee het, is groter (voortrefliker, meer uitmuntend as alle ander skepsels) ANV: is die belangrikste van almal), en niemand kan hulle (d.w.s. die kudde) uit die hand van die Vader ruk nie” (Johannes 10:29).” Hierdie waarheid word ook in Johannes 6:37,44 en 65 geleer: “Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie ... Niemand kan na My toe kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie.” Nêr die mense wat God die Vader onweerstaanbaar na Jesus Christus toe trek, sal na Jesus Christus toe kom en in Hom glo! Dit dui op die goddelike uitverkiesing! Ons moet die waarheid aangaande die goddelike uitverkiesing alleen aan gelowiges in die Kerk/Gemeente leer, omdat ongelowiges dit nie kan begryp nie

Die feit dat ek nou in Jesus Christus glo en Hom volg, is 'n groot sekerheid dat God die Vader my aan Jesus Christus gegee het! Alle gelowiges (Christene) in die wêreld mag verseker weet dat hulle aan die Herder en sy kudde behoort (Johannes 10:27-29).

10:30-33

### Ontdekking 2. Die feit dat Jesus Christus God is.

(1) Jesus Christus maak daarop aanspraak dat Hy één met God die Vader is.

In Johannes 10:30 sê Jesus: “Ek en die Vader is één.” Dit dui nie net op uiterlike eenheid nie, naamlik 'n eenheid in die werke wat Hulle doen. Hy verwys na hulle wesenlike eenheid, hulle innerlike, geestelike, ontologiese en trinitariese eenheid. Met hierdie sin, “Ek en die Vader is één”, praat Hy oor twee Persone of beter: twee innerlike onderskeidings in die eenheid van die Goddelike Wese (Natuur) (vergelyk Matteus 28:19, één goddelike Wese met drie innerlike onderskeidings in hierdie één goddelike natuur. Jesus het geleer dat God die Vader en God die Seun twee Persone is, maar één Goddelike Wese (Natuur). As Hy sê: “één”, dan spreek Hy oor die goddelike substantie of Wese. Dit word “die Drie-eenheid genoem. Hierdie Bybelvers is belangrik omdat dit twee verkeerde leerstellings verwerp:

- Dit verwerp die leer wat *die eenheid in die wese van God* ontken
- Dit verwerp die leer wat *die diversiteit in die wese van God* ontken.

(2) Die Jode het die aanspraak van Jesus verstaan: Hy maak Homself tot God.

Jesus het vroeër daarop aanspraak gemaak dat Hy gelyk is aan God. In Johannes 5:17-18 en 23 maak Jesus daarop aanspraak dat Hy gelyk is aan God die Vader, in wese, in werke en in eer! In Johannes 8:58-59 maak Jesus daarop aanspraak dat Hy al bestaan het vóór Abraham gebore was! Die Jode het maar al te goed begryp dat Jesus sy absolute eenheid met die goddelike Wese bevestig het. Hulle het die aanspraak van Jesus beskou as godslastering en het klippe opgetel om Hom te stenig.

Daarom het Jesus die Jode in Johannes 8:24 gewaarsku: “As julle nie glo dat EK IS (DIE EEN WAT EK SÊ EK IS) nie (dieselfde Naam as wat God in die Ou Testament vir Homself gebruik in Eksodus 3:14), sal julle in julle sonde sterwe!” Dit is nie genoeg om te glo dat Jesus Christus 'n goeie mens of 'n profeet was nie! Nee, as mense (ook van 'n ander godsdiens) nie glo dat Jesus Christus Die Een is waarop Hy in die Bybel aanspraak maak nie, sal hulle sekerlik in die ewige dood (die hel) sterf! Hulle sal nooit in die Paradys kom nie en nooit op die nuwe aarde woon nie! Dit is absoluut noodsaaklik vir elke mens om persoonlik te glo dat Jesus Christus heeltemal gelyk aan God die Vader is en dat Hy één in Wese met God die Vader is!

### **STAP 3. VRAAG.**

### **UITLEG**

**Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?**

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 10:1 - 42 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

10:1-16

Vraag 1. Wat is die betekenis van die allegorie oor die Goeie Herder?

**Aantekeninge.** In die Evangelie van Johannes is “Die Goeie herder” (Johannes 10) en “Die Wingerdstok en die lote” (Johannes 15) beide allegorieë. 'n Allegorie is 'n beskrywing van 'n onderwerp (bv. Christus) deur middel van 'n verhaal onder die mom van 'n ander (bv. 'n herder) met ooreenkomste tussen die twee.

(1) Die lewe van herders in Israel.

Elkeen in Israel het die lewe van herders geken. 'n Dorp het een gemeenskaplike skaapkraal gehad, waarin verskillende herders se skaapkuddes saam oornag het. 'n Deurwag het hulle gedurende die nag opgepas. Vroeg in die oggend het die herders gekom om hulle skape uit te lei sodat hulle kon gaan wei en water drink. Die deurwag het die herders geken en die hek oopgemaak sodat hulle hul eie kuddes na buite kon lei. Die skape van elke kudde ken die stem van hulle herder en sou nooit 'n vreemde herder volg nie. Elke herder ken die skape van sy kudde, selfs by die naam. Die herders het baie gehou van hulle skape en sou hulle met hulle lewens verdedig het teen wolwe, leeus en bere, soos koning Dawid ook as herder gedoen het.

(2) Die verhaal in Johannes 10:1-16 is 'n allegorie.

In 'n metafoor word 'n vergelyking stilswyend veronderstel. Byvoorbeeld, “Die HERE is my Herder” (Psalm 23:1) is 'n metafoor ('n vergelyking). Dit word te kenne gegee dat die HERE soos 'n herder is.

'n Allegorie is 'n uitgebreide metafoor (vergeljking). Byvoorbeeld, Jesus Christus kan vergelyk word met verskillende aspekte van 'n goeie herder. Nogtans moenie probeer word om elke kenmerk van die simbool uit te lê ('n betekenis te gee) nie.

In Johannes 10 gee Jesus Christus Self betekenis aan 'n aantal vergelykbare kenmerke in die allegorie. Die herder is byvoorbeeld 'n verwysing na Jesus Christus Self. Die deur (hek) van die skaapkraal is ook 'n verwysing na Jesus Christus. Die skaapkraal verwys na die volk van Israel (Johannes 10:16). Die skape verwys nie na elke Israëliet of na elke mens in die wêreld nie, maar net na die mense in Israel en uit ander volke in die wêreld vir wie Jesus Christus sy lewe afgelê het, wat na sy stem luister en Hom volg! Die ‘één kudde’ is 'n verwysing na die wêreldwye Gemeenskap/Gemeente/Kerk wat bestaan uit verlore gelowiges in die hele wêreld (Johannes 10:16).

Sommige simbole in die allegorie kan deur die historiese konteks verduidelik word, byvoorbeeld die diene en rowers en die vreemdeling en die huurling. Ander simbole moet ons nie probeer uitlê nie, omdat nóg Jesus nóg die konteks dit verduidelik, byvoorbeeld die deurwagter en die wolf word nie uitgelê nie. Ons moet net die belangrikste gedagte van die verhaal (die boodskap) begryp.

(3) Die belangrikste gedagte van die verhaal.

In Johannes 10 is die hooftema: die Goeie Herder, Jesus Christus, wat vergelyk word met die slegte herders, die Joodse godsdienstige leiers en leraars.

Jesus is die ware en volmaakte Herder. Hy het die skaapkraal van Israel binnegekom op die manier wat in die Ou Testament voorspel is: via die stam van Juda, die huis van Dawid, 'n maagd as moeder en gebore in Betlehem.

Hy ken elke gelowige (Christen) op sy naam. En elke gelowige (Christen) ken Jesus Christus as sy Herder, herken sy stem in die Bybel en volg Hom alleen as Verlosser en Heer. Jesus lei sy skape (die gelowiges) met sy liefde en sy voorbeeld (Hy loop vóór hulle uit). Die Joodse godsdienstige leiers en leraars was egter soos diene en rowers. Hulle het die Deur (die hek), Jesus Christus vermy, en het probeer om die mense van Israel onder hulle beheer te hou deur hulle mensgemaakte reëls en wette en deur intimidasie. Hulle het elkeen wat nie gedoen het wat hulle voorgeskryf het nie, gedreig met uitsluiting uit die sinagoge. Hulle het nie die mense gelei nie, maar met dreigemente gedryf/aangejaag (soos ‘cowboys’). Ware gelowiges het almal van hulle af weggehardloop!

As 'n ware herder, lê Jesus Christus sy lewe vir sy skape aan die kruis af. Maar die Joodse godsdienstige leiers en leraars vernietig die ware geestelike lewe.

Jesus Christus is die Herder van hierdie skaapkraal, naamlik, die ware gelowiges in die volk van Israel, maar ook van die ware gelowiges (Christene) uit al die skaapkralle van die ander volke in die wêreld. Hy lei sy skape uit elke volk (en stam en taal en nasie) uit hulle oorspronklike nasionale skaapkralle en vorm één nuwe internasionale kudde (Johannes 10:16). Die gelowiges (Christene) uit die Joodse volk EN die gelowiges (Christene) uit die heidense volke vorm saam één Kerk/Gemeente, één Koninkryk!

(4) Die lesse uit die verhaal.

Hierdie allegorie leer die belangrikheid daarvan om deur die Deur (die hek), Jesus Christus, in te gaan na die Gemeenskap van gelowiges (Die Kerk/Gemeente). Dit leer ook die belangrikheid daarvan om Jesus Christus persoonlik en vertroulik te ken. Dit leer ook die belangrikheid van gehoorsaamheid aan sy stem. Nét as ons baie naby agter Hom aan bly volg, is ons veilig van die mense wat ons wil oorheers en vernietig. Hierdie allegorie leer ook dat daar in die wêreld verskillende skaapskrale is (volke met hulle tale en kulture), maar net één kudde van Christus, één Kerk/Gemeente/ Koninkryk! Die Bybel verwerp die idee van verskillende kerkgenootskappe (vergelyk 1 Korintiërs 3:3-4).

---

10:7,10

Vraag 2. Waarom word Jesus Christus met 'n herder en tegelyk met 'n deur (hek) vergelyk?

**Aantekeninge.** Die simbool van Jesus Christus as 'n deur' (hek) versterk die simbool van Jesus Christus as 'n herder. As Jesus in vers 7 sê: "Ek is die ingang (Deur) vir die skape" dan maak Hy aanspraak daarop dat mense net deur Hom op 'n wettige manier in sy Gemeenskap (Kerk/Gemeente) kan kom! Daar is eenvoudig geen ander ingang of weg na sy Gemeente of sy Koninkryk nie (vergelyk Johannes 14:6)! Jesus Christus is tegelyk die Deur om by die skape te kom (die skape te bereik) en die Deur vir die skape! In vers 8 maak Hy daarop aanspraak dat Hy vir herders (dominees, voorgangers en pastore) die enigste wettige Deur/Toegang/Weg is om by die skape te kom (om die skape te bereik) Alle mense wat probeer om by die skape te kom, deur nie die Deur te gebruik nie maar oor die muur te klim, is diene en rowers. Dit geld vir alle valse profete onder die Christene en die ander godsdienste in die wêreld. In vers 9 maak Jesus daarop aanspraak dat Hy vir die skape die Enigste Deur/Toegang/Weg is tot verlossing en tot verdere groei op die weiveld.

---

10:9-10

Vraag 3. Wat bedoel Jesus as Hy sê, 'As iemand deur My ingaan, sal hy gered word'?

**Aantekeninge.** In Johannes 3:16-17 beteken 'gered word' die ewige lewe kry. In Johannes 10:28 ontvang die skape van Jesus Christus die ewige lewe (die vermoë om persoonlik en intiem, vertroulik met Christus om te gaan)(Johannes 17:3), sal hulle beslis nie in alle ewigheid verlore gaan nie, en sal niemand hulle uit sy hand ruk nie. Daarom beteken Johannes 10:9 nie dat die skape wat deur die Deur ingegaan het maar net *veilig* is nie. Dit beteken baie meer! Hulle word gered (verlos) van alle skuld van die sonde en skuldgevoelens, skande oor hulle vroeëre lewenswandel en skaamtegevoelens, die verslawende mag van die sonde, die verontreiniging/besoedeling van die sonde en van die ewige veroordeling/verdoemenis wat die sonde bring. Hulle ontvang die ewige lewe. En hulle sal veilig woon in die teenwoordigheid van die Herder, Jesus Christus. Niks wat op die aarde gebeur, kan hulle regtig kwaad aandoen nie. Hulle ervaar daagliks sy liefdevolle teenwoordigheid, beskerming en sorg. Hulle word oorvloedig in sy weiveld geseën.

---

10:11

Vraag 4. Het Jesus vir elkeen gesterf of net vir sy skape?

**Aantekeninge.** Johannes 10:11 sê: "EK IS die Goeie Herder. Die Goeie herder lê sy lewe af vir die skape." Dit sê nie dat Hy sy lewe vir elkeen in die wêreld gee nie. Wie is sy skape vir wie Hy sy lewe gee? Johannes 10:27-28 sê dat sy skape die mense is wat na sy stem luister en Hom volg. Hulle is die mense wat die ewige lewe ontvang het en in ewigheid nie verlore gaan nie! Hulle is die mense wat nie uit sy hand geruk kan word nie (Let wel: Naam-Christene kan weggeruk word en verlore gaan, omdat hulle nooit regte skape van Jesus Christus was nie! Daarom is die soendood van Jesus wel *voldoende* vir alle mense wat ooit geleef het (Johannes 3:17), maar *dis alleen effektief* in die lewens van mense wat sy skape is (Johannes 3:16,18)! Daarom sê Jesus dat Hy sy lewe gee vir die skape. God se verlossingswerk deur Jesus Christus kan nie in die wiele gery word deur 'n poging of 'n besluit van 'n mens nie. Sy verlossingswerk is altyd soewerein/oppermagtig/almagtig, onweerstaanbaar en effektief (vergelyk Markus 10:45; Romeine 8:29-30; Romeine 9:6-18; 1 Tessalonisense 2:13-15).

Samevattend. Terwyl die soenoffer van Jesus Christus *voldoende* is om die sondes van alle mense te versoen, is sy soenoffer in werklikheid *net effektief* om die sondes van gelowiges te versoen. Terwyl die evangelie aan alle mense verkondig moet word, reageer nie alle mense deur in Jesus Christus te glo nie. Terwyl God mense uit alle volke in die wêreld na Christus toe trek, kom nie alle mense in die wêreld na Christus nie en word dus nie alle mense in die wêreld gered nie. Die Bybel leer NIE die universele verlossing nie. Titus 2:11 moet NIE vertaal word as: "Die reddende genade van God het aan alle mense verskyn", maar wel as, "Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn."

---

10:16

Vraag 5. Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat Hy nog ander skape uit ander skaapskrale moet bring om één kudde te vorm?

**Aantekeninge.**

(1) Jesus het sy skape uit die volk van Israel in sy Kerk/Gemeente of Koninkryk versamel en ook uit die ander nie-Joodse volke in die wêreld.

Die verhaal van die allegorie en veral vers 16 is heel duidelik dat 'die skaapskraal' 'n verwysing is na die volk van Israel. Jesus het sy skape (gelowige Jode) uit hulle skaapkraal (die volk van Israel) in sy Kerk/Gemeente/ Koninkryk ingebring. Tydens die Ou-Testamentiese periode het God die heidense volke hulle eie gang laat gaan (Handelinge 14:16). Maar tydens die eerste periode van die aardse bediening van Jesus Christus het Hy op die volk van Israel gekonsentreer (Matteus 10:5-6).

Later het Jesus Christus dit heel duidelik gemaak dat Hy ook gekom het om sy skape uit die skaapkrake van die ander volke te versamel. Hy moet hulle ook uit hulle skaapkrake (volke en nasionale kulture) uitlei na sy Kerk/Gemeente/ Koninkryk (met die kultuur van die Koninkryk van God).

(2) Gelowiges uit alle ander volke in die wêreld sal op grond van volkome gelykheid met die Joodse gelowiges sy Kerk/Gemeente/Koninkryk inkom!

Gedurende die Ou-Testamentiese periode het God geopenbaar dat Hy sy verlossingswerk sou *uitbrei* na alle volke in die wêreld. In Genesis 12:3 het God al beloof dat Hy alle families (volke) op die aarde sou seën deur die Messias. In Joël 2:28 het Hy beloof dat Hy sy Heilige Gees op mense in alle volke sou uitgiet. In Maleagi 1:11 voorspel Hy dat sy Naam groot sal wees onder alle volke.

Die Ou-Testamentiese profete het wel gedink dat die mense uit die ander volke gered sou word deur hulle by die volk van Israel aan te sluit (vergelyk Jesaja 2:2-4; Jesaja 54:2-3; Jesaja 62:10-12; Sagaria 8:23)!

Maar die volgende drie leerstellings was nog 'n geheimenis/misterie wat nog nie aan die profete gedurende die Ou-Testamentiese periode geopenbaar is nie:

- Die leerstelling dat God se verlossingswerk nie langer op Israel sou konsentreer nie, maar uitgebrei sou word na alle nie-Joodse (heidense) volke in die wêreld (Matteus 24:14; 28:19).
- Die leerstelling dat God se volk nie langer hoofsaaklik bestaan uit gelowiges uit die volk van Israel nie, maar uit alle gelowiges vanuit alle volke in die wêreld. God se volk is nou die Kerk/Gemeente van Christus of die Koninkryk van God (1 Petrus 2:9-10).
- Die leerstelling dat die gelowiges uit die nie-Joodse (heidense) volke die Koninkryk van God sou inkom op volkome gelyke voet met die gelowiges uit die volk van Israel (Efesiërs 3:1-6).

Hierdie waarhede is eers deur Jesus Christus aan sy apostels in die Nuwe-Testamentiese periode geopenbaar. In Efesiërs 1:9-10 lees ons dat God alle dinge in die hemel (die heelal) en op die aarde onder één Hoof, naamlik, Jesus Christus, gebring het. In Efesiërs 3:1-6 lees ons dat die apostels en profete in die Nuwe-Testamentiese periode iets geweet het wat die profete in die Ou-Testamentiese periode nog nie geweet het nie. Deur die prediking van die evangelie gaan God alle gelowiges uit die nie-Joodse (heidense) volke

- tot *mede-erfgename* van God se Ou-Testamentiese volk Israel maak
- sodat hulle *medelede* van dieselfde Liggaam (van Christus) sou wees
- en *mededeelgenote* sou wees van sy belofte in Christus.

**God het nie opgehou om met sy Ou-Testamentiese volk, Israel, bemoeienis te maak nie of dit te vervang met die Nuwe-Testamentiese Kerk/Gemeente nie, maar God het sy verlossingsplan met die gelowiges in Israel voortgesit op 'n hoër vlak (op grond van die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het asook die vervulling van die Wet en die Profete) en uitgebrei (ver groot) deur die gelowiges uit alle ander volke in die wêreld in te sluit!**

Let op die vertaling van vers 16: “Ek het nog ander skape, wat nie van (Grieks: ek) hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei (Grieks: agó). Hulle sal na My stem luister en hulle sal één kudde wees met (Grieks: en) een Herder (Grieks: mia poimné, heis poimén)”. Jesus sê nie dat Hy die gelowiges uit die ander volke in die skaapskraal/volk van Israel sal inbring nie. Hy bring hulle almal *uit hulle natuurlike skaapkrake/volke* en bring hulle almal *in sy eie kudde/Kerk/Gemeente of Koninkryk!* Die natuurlike volke van Israel en die ander volke is nie meer belangrik nie. Die Koninkryk van God is nou die belangrikste (vergelyk Matteus 8:11-12; 21:42-44)! Die takke van die natuurlike olyfboom (d.w.s. die gelowiges/Christene uit die volk van Israel) en die takke van die wilde olyfboom (d.w.s. die gelowiges/Christene uit die ander volke) word saam in die wortel (d.i. Jesus Christus en sy verbondsvolk) ingeënt (Romeine 11:16-24).

---

10:29

Vraag 6. Wat is die juiste vertaling van vers 29?

**Aantekeninge.** Vers 29 het nie die woord “hulle” in die oorspronklike Grieks nie. Die woord “groter” verwys eerder na die kudde skape as na God die Vader. Die vroegste handskrifte in Grieks is waarskynlik korrek en word as volg vertaal, “Dié (d.w.s. die kudde skape) wat my Vader vir My gegee het, is groter (voortrefliker, meer uitmuntend, belangriker)(as alle ander skepsels)(ANV: die belangrikste van almal), en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie (Johannes 10:29).” Wat God die Vader aan Jesus Christus gegee het is ‘die kudde skape’ wat bestaan uit alle gelowiges/Christene uit alle volke op die aarde. Hierdie gelowiges/Christene is vir God die allerbelangrikste skepsels! Hulle vorm saam één kudde, of één Kerk/Gemeente/Koninkryk op die aarde.

**STAP 4. DOEN.****TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 10:1-42.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

**1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 10:1-42.**

- 10:1. Pas op vir die diewe en rowers wat die gemeente op 'n onbybelse manier binnekom.
- 10:3. Leer Jesus Christus so goed ken sodat jy sy stem altyd kan herken en van die stemme van diewe en rowers kan onderskei.
- 10:9-10. As jy nog nooit deur die Deur (hek) ingegaan het nie, doen dit dan nou dadelik en so word jy vir die ewigheid behou (gered), leef jy veilig sodat niks op aarde jou werklik kwaad kan aandoen nie en sal jy 'n sinvolle en bevredigende lewe hê.
- 10:12. Maak seker dat jy die huurlinge onder die herders (dominees/pastore/leraars) herken, want hulle sal nie regtig vir die skape sorg of bereid wees om hulle lewe vir die skape op te offer nie.
- 10:16. Maak jou gemeente voortdurend 'n endinggemeente! Die Herder, Jesus Christus, wil mense uit elke volk, taal en kultuur in jou omgewing en in die wêreld red!
- 10:27. As jy 'n ware skaap ('n gelowige) is, sal jy na die stem van Jesus Christus luister en Hom bly volg.
- 10:28. Moet nooit twyfel oor die drie beloftes van die Goeie Herder nie: Hy gee jou die ewige lewe, jy sal tot in ewigheid nie verlore gaan nie en niemand sal jou uit sy hand ruk nie!
- 10:29. Moet nooit twyfel dat die Herder, Jesus Christus, gesê het dat sy kudde vir Hom belangriker is as alle ander (skepsels op die aarde) en dat niemand hierdie kudde uit die hand van God die Vader kan wegruk nie!
- 10:30-39. Moet nooit twyfel dat Jesus Christus aanspraak gemaak het daarop dat Hy en God die Vader één goddelike Wese is, dieselfde goddelike natuur het, dat Hy gelyk aan God die Vader is, en dat God die Vader in God die Seun is en God die Seun in God die Vader is. Die Jode het dit goed begryp, anders sou hulle Hom nie van godslastering aangekla het en ook nie probeer het om Hom te stenig nie!

**2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 10:1-42.**

Ek het Johannes 10:28 uit my kop geleer dat sodat ek nooit die belofte van Jesus Christus vergeet dat ek die ewige lewe het, en dat ek nooit verlore sal gaan nie en dat niemand my uit sy hand kan wegruk nie.

Ek wil my verstand onderwerp aan die feit dat Jesus Christus gelyk is aan God die Vader in sy goddelike Wese, in sy werke en in sy eer. Omdat God oneindig groter is as enige van sy skepsels, kan geen menslike skepsel 'n voldoende definisie van God se Wese gee nie. Wat die mens wel kan doen, is om hom te onderwerp aan God se openbaring en te glo wat Hy oor sy goddelike natuur aan die mens geopenbaar het. God het aan die mens geopenbaar dat Hy één Goddelike Wese is met drie innerlike onderskeidings, naamlik: God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Dit glo ek en dit sal ek orals bely!

**STAP 5. BID.****REAKSIE**

**MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET** in Johannes 10:1-42.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

**5**

GEBED (8 minute)

*[VOORBIDDING]***BID VIR ANDERE**

*As daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

**6**

VOORBEREIDING (2 minute)

*[OPDRAGTE]***VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.

2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 10 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Lukas 1:1 - 4:30. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers uit reeks G: "die christlike huwelik" (1) Verlaat en heg: Genesis 2:24. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.